## DIE FONDASIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE


**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM: Stad 24/6 en Kolping 11/7
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Spiritualiteit Konferensie: 3 Aug '19

**BOEKGROEP**
**Maandag: 5 Augustus 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van ____________________

E-Mail____________________ Sel____________________

ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM

## 16 JUNIE 2019

## DIE LIEFDE VAN GOD

## HELP ME KNOW MY NAME

## STILTE IN DIE KAPEL

~ LORD'S PRAYER — ANDREA BOCELLI ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

"God is so many thing to so many people …
the warm light of the sun;
the sound of sweet music;
an inner voice that drives us forward;
If you ask me who God is,
I would say there is a bit of the Divine in all of us.
The God in you — the God in me.
The God in me is who I really am in my core …
the God in me is the best version of what I can be …
the God in me is who I strive to be …
who I was meant to be …."

— Morgan Freeman, 'GOD' (Netflix)

## STILTE VAN BINNE

## ஐ GEBORE UIT DIE HART VAN GOD ஐ

### 1. DIE GOEIE HERDER

Die Herder is die een wat sy 99 skape agter los om na die 1 te gaan soek en dan ‘n fees hou om dit vier. (Lukas 15:3-7) Die Herder is <u>nie</u> die een wat gekom het om ons meer religieus, moreel, eksklusief te maak nie maar om vir ons lewe te gee en dit in oorvloed (Joh 10:10) en die Liefde te sien as **die Alomteenwoordige krag van God.**

**“Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie ... Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder.”** (Johannes 10:3-5, 14-16)

==================================================================

### 2. DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN

Ons ‘naaste’ is ons ***ewemens*** wie ons behandel met liefde, aanvaarding, respek, menswaardigheid, en seëninge. ***Compassion*** roep ons om verby ons vooroordeel en selfgeregtigheid te leef en Liefde te sien as **die Allesinsluitende krag van God**.

**“Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: ‘Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hier-langs terugkom.”** (Lukas 10:33-35)

==================================================================

### 3. DIE PÊREL VAN ONSKATBARE WAARDE

Pasop vir die goed wat JOU besit. Waar is jou beleggings, wat het ewigheids-waarde? Die onkruid tussen die koring en die mosterdsaad en die suurdeeg. Waar jou hart is daar sal jou skat ook wees. Wat sal jy opoffer vir jou pêrel?

**“As hy 'n baie waardevolle pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop die pêrel.”** (Matteus 13:46)



## <u>GIVING</u> TRANSFORMS HAVING INTO <u>BEING</u>



~ Die Weduwee se Kruik — Lukas Maree ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Die verskil tussen ons en die heiliges*
*is dat hulle uit die skuit geklim het*
*om op die water te loop —*
*en ons wat elk sy eie vastigheid wíl*
*kyk hulle soos drenkelinge agterna.*
— Sheila Cussons: Dilemma —

*Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug?*
*Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?*
*Klim ek op na die hemel, is U daar,*
*gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.*
*Vlieg ek na die ooste,*
*of gaan woon ek in die verre weste,*
*ook daar lei u hand my,*
*hou u regterhand my vas.*
*Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek,*
*of die lig rondom my om in nag te verander,*
*maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie*
*en die nag so lig soos die dag,*
*duisternis so goed soos lig.*
— Psalm 139:7-12 —

---

## Be the <u>Awareness</u> of the <u>Presence</u> of God

~ Love’s Divine — Seal —